# dumela

UNIVERSITY OF THE
**FREE STATE**
UNIVERSITEIT VAN DIE
**VRYSTAAT**
YUNIVESITHI YA
**FREISTATA**

UFS
UV

Amptelike nuusblad van die personeel van die UV
Official newsletter of the staff of the UFS

June 2012





# Strategiese plan sal UV van ander onderskei

*"'n Universiteit wat regoor die wêreld gehuldig word vir uitnemendheid in akademiese prestasie en die versoening van mense."*

*– Visie van die UV, 2012-2016*

Die Universiteit van die Vrystaat (UV) se Strategiese Plan vir 2012-2016 is vandeesmaand bekend gestel. Die plan sal die instelling se werksaamhede vir die volgende vyf jaar rig en lei. **Lacea Loader** gee 'n breë oorsig van die plan.

"Ons het die afgelope twee jaar lank en hard op alle vlakke gedink oor wie die universiteit wil wees en waar ons in die 21ste eeu as 'n globale universiteit wil wees. Daarom is konsultasies met 'n wye groep belanghebbendes binne en buite die universiteit gedoen," sê prof. Jonathan Jansen, Visekanselier en Rektor.

Die konsultasies het daartoe gelei dat 'n Strategiese Plan ontwerp is wat nie lyk en klink soos dié van enige ander tersiêre instelling in die land nie. "Hiermee wil die UV 'n duidelike boodskap aan die land uitdra dat ons ernstig is oor akademiese standaarde en wil uitstaan in 'n kompeterende wêreld," sê prof. Jansen.

Volgens hom is die Strategiese Plan op die inisiatiewe gegrond wat die UV reeds begin vorm het en sal voortgaan om oor die volgende vyf jaar te vorm. "Die plan bied 'n oorsig van die transformasie wat hier aan die gang is en verskaf 'n raamwerk vir die betrokkenes om hul eie bydraes te kontekstualiseer, te prioritiseer en na waarde te skat," sê hy.

Die Strategiese Plan het ten doel om die breedte en die diepte van die inisiatiewe wat onderneem word, vas te vang binne die konteks van die instelling se nuwe strategiese koers. Die inisiatiewe word onder twee hooftemas gegroepeer, naamlik die Akademiese Projek en die Menseprojek.

Met die Akademiese Projek word na akademiese uitnemendheid gestreef; om hoë akademiese standaarde te stel en die rigting in onder meer die onderwysstelsel aan te wys. Die Akademiese Projek is in vier klusters gegroepeer, naamlik prestasie van student, prestasie van akademici, akademiese onderskeiding, en die akademiese kultuur van die kampus.

Met die Menseprojek word gefokus op hoe ons mekaar hanteer en met mekaar kommunikeer; – ten spyte van die grense wat ons in die verlede van mekaar geskei het. Die Menseprojek is ook in vier klusters gegroepeer, naamlik konfrontasie met vooroordeel, die kultuur van insluiting, billikheid, openheid en toeganklikheid, en gemeenskapsdiens en -betrok¬kenheid.

"Die plan is dus nie net 'n uitbeelding van ons trotse verlede as universiteit nie, maar ook 'n aanduiding van waar ons oor vyf jaar as 'n universiteit van uitnemendheid wil wees," sê prof. Jansen.

- The English version of this article is available on the university's website at the following link: http://www.ufs.ac.za/content.aspx?uid=201

It all happened at Kovsies; two colourful events buzzing with excitement. During a very successful Open Day more than 5 000 learners and their parents visited our Bloemfontein Campus to make informed choices about their futures. Forming the backdrop to the intravarsity weekend between our Bloemfontein and Qwaqwa Campuses was a weekend filled with sport, arts and culture.



# From the Editor

The year is flying past like a runaway train. However, with a programme filled with projects that make a difference on an academic as well as a human level, we have a beautiful landscape to admire in passing.

In this edition of *Dumela* we are introduced to colleagues who have joined us recently, like Prof. Philippa Tumubweinee in the Department of Architecture and Prof. Loyiso Jita in the School for Mathematics, Natural Science and Technology Education. We also talk to other colleagues, each of whom has a passion for his or her specific area. Karen Ehlers is doing her share in combating crime with her research about forensic genetics and Prof. Stephen Brown and Dr Danie Buys add value to people's health on a daily basis through their contributions in the medical field. With her passion for the subject Commercial Law, Bella Rametse from the Department of Mercantile Law has an impact on her classes by inspiring students to give their best.

We also say farewell to a colleague who has played a major role in the academic environment of the university, particularly with regard to research; Prof. Frans Swanepoel.

In addition, we get to know a few of our colleagues in Support Services, like Susan van Jaarsveld from Human Resources. Pura Mgolombane, Assistant-Dean at Student Life and Leadership, is also introduced to us as a task-driven person with a mission. Read more about his experience of the students at Kovsies.

With the human project we cover two of the initiatives managed by the university to improve lives for people in our communities and here on the campus. With Project Inspire as well as the Culture of Reading Project, teachers have identified learners need motivation. Tessa Ndlovu, Coordinator of Projects at the university's 25 schools that form part of the schools project, then approached the deans of the faculties to identify their top students to act as motivational ambassadors at the schools. Read how these projects bring out the best in learners as well as students.

Something new in this edition is the cellphone tags. Not only can you now read the story and view one or more photos of the event, but you can also view a short YouTube byte. In this snippet below about Facebook entries for the past term is a tag about the Open Day and in our sports division you can copy the tag about intravarsity in order to view the YouTube byte about this sporting event between the Bloemfontein and Qwaqwa Campuses.

Until next time.

Leonie

## CONTENTS




**4 | Koppie koffie met ...**
Pura Mgolombane

**10 | Middelblad**
Herfsgradeplegtigheid





**13 | Geboue trek 'n nuwe baadjie aan**

**18 | Karen Ehlers**
Vertel ons ...





**9 | Giving back to the community**


## details

*Dumela* is compiled by the Division: Strategic Communication at the University of the Free State

**Editor:**
Leonie Bolleurs
051 401 2707 or 0836455853
bolleursl@ufs.ac.za

**Design and layout:**
SUN MeDIA Bloemfontein

All Facebook quotes are published as they appear on Facebook.

### *Prof. Jansen one of the top 10 political tweeters in South Africa*

Prof. Jonathan Jansen was announced as one of South Africa's 10 most influential political tweeters. That is according to a list compiled by PR and communications company Burson-Marsteller.

"South Africa is rated as the 10th-largest user of Twitter in the world and the most avid Twitter user on the continent," said Hemant Lala, Managing Director at Arcay Burson-Marsteller.

You can read the full article on http://memeburn.com/2012/04/south-africas-10-most-influential-political-tweeters-inforgraphic/

### Dié maand op Facebook ...

**Deur Lelanie de Wet**

**Opedag kommentaar**

39 jaar gelede eerstejaar gewees. Ai hoe laat hulle my terug verlang ... – **Suzette Roos**

What a masterpiece, i enjoyed everything and i was well informed, thnx 4 everything – **Lebohang Tlaba**

Regtig amazing!! Wel gedaan, Kovsies, wel gedaan!! – **Chanell Delport**

FANTASTIESE Ope Dag Kovsies!!! Julle het my hart gesteel!! Sien julle volgende jaar!! (Fingers Crossed) AMAZING!! Regtig!! Kovsies all the way!! – **Chanell Delport**

I just want to say thank you to Kovsies for a great open day. WELL DONE !!! Hope to see you next year – **Raymond Taylor**

Dankie vir 'n wonderlike opedag by Kovsies! Julle is verseker ander een stappie voor en dit gee ons soveel hoop vir ons kinders se toekoms! Ek wens dit is ek wat weer by Kovsies kan kom swot soos amper 25 jaar terug! – **Riana Terblanche**

**Algemene kommentaar**

Thanks to UOFS I managed to get my application forms and next year I will be able to say, ONLY A KOVSIE KNOWS THE FEELING – **Mokete Mokoena**

i just realised how lucky i am or how lucky we are as Kovsies, regarding deregistration issues ... i am not part of it, but the compassion and love we got from Kovsies with the extension of the due date ... there is no other university that will do that. thanks to everyone who was involved with helping those students ... proud to be a KOVSIES!!!!!!!!!!!! – **Mojaki Motariana Mothibi**

like · comment · share 3249

Get the free mobile app at
http://gettag.mobi
Watch the Open Day video

# Adopt a healthy lifestyle for a better life


Photo: Anja Aucamp

Prof. Willie Molentzé.

MY VIEW

By René-Jean van der Berg

## "You are in good health, but ..."

This remark from your GP will make you think twice before taking another helping of deep-fried chicken and spending hours in front of your television set.

Being diagnosed with a chronic disease of lifestyle (CDL) may be alarming, but it is still possible to lead a normal life and look forward to normal life expectancy.

CDL are diseases closely associated with lifestyle, lack of exercise and being overweight or obese. Because most CDL are asymptomatic (showing no noticeable symptoms), a diagnosis is often only made when complications are already present.

High blood pressure is one of the commonest CDLs. It affects about 30% of adults in South Africa, but only half are actually aware of it. Other common CDLs are diabetes, elevated blood cholesterol levels, excessive weight and obesity.

Most of these conditions can be prevented and treated, but if left undiagnosed and untreated, they are collectively responsible for the largest proportion of deaths in South Africa.

Since complications of CDLs (strokes, heart disease and kidney failure) are so prevalent and costly to manage, the Medical Schemes Act makes it compulsory for all medical schemes to cover in full the cost of the diagnosis and treatment of these conditions.

Health-care workers in both the public and private health-care sector are encouraged to scan high-risk patients routinely for these conditions. After being diagnosed with a CDL, you will be encouraged to adapt to a healthy lifestyle. Regular exercise is highly effective in reducing blood pressure, controlling weight and improving blood sugar control.

Restricting the intake of salt and saturated fats and limiting your kilojoule intake if you are overweight is essential for the effective management of these conditions. It is recommended that you consult a dietician to assist you in this.

Patients are also encouraged to know what their blood pressure, blood sugar and cholesterol levels are and what to aim for.

Complying with your doctor's prescription is always challenging. Skipping doses or taking medication later is not advised and may lead to unpleasant side effects. Always plan ahead and make sure you have a sufficient supply of medication at all times.

# My ma sê ôk so

Deur René-Jean van der Berg

Baie mense dink my ouma is hoogmoedig, want as haar mond oopgaan, praat sy van haar geleerde dogters.

Maar dit is eintlik net van trotsgeit dat sy van hulle praat. Want vir 'n enkelouer in die Kaapse Vlakte was dit in die jare 60 seker nie maklik om drie meisiekinders te laat skool en kollege en met die laaste een – universiteit – nie.

My H'amma (dit is nou hoe ons my ouma noem) was 'n skoonmaker in die Kasteel in Kaapstad. En dit was dié geldjies wat haar dogters se geleerdheid betaal het.

Nou, antie Nancy is H'amma se vriendin. So lekker soos die twee kan kuier, kos dit net een om te spog van haar dogters, dan is daar weer 'n weeklange onmin.

So nooi antie Nancy een jaar my H'amma uit vir Krismis-lunch. Want siestog, my H'amma is alleen daar in haar munisipale Kaapse Vlakte-huisie. H'amma se dogters het nie daai jaar gaan kuier nie en H'amma het al klaar gesien hoe eet sy twee hoene'boudjies en 'n bak *rum-en-raisin ice cream* vir Krismis.

Nee, antie Nancy se hele ses dogters en hulle manne en hulle manne se kinders is almal daar vir die dag, so H'amma moet ook kom.

"Oe, djy wiet hoe daai kinnes kan kook," sê my H'amma nog so op die foon. Want sien, al kan my ma en tannies almal lekker kos kook, is kennis eintlik meer hul ding. Maar kennis op 'n Krismis is nie baie smaaklik nie.

En kyk, H'amma likes nou nie eintlik as antie Nancy so aangaan oor haar dogters wat dié *pie* en daai koek kan bak nie. Nee, besluit H'amma. Sy sal maar net haar trots saam met antie Nancy se dogters se lekker kos moet sluk.

Rossie, Mella, Tiesie, Niccy, Hilla én Nessa staan in trappe van vergelyking (wat die breedte bepaal) langs mekaar.

Hulle bedien.<br>
Antie Nancy spog<br>
H'amma eet.<br>
Antie Nancy spog.

Haai, sowaar, met die laaste skeppie poeding het my H'amma seker nou genoeg gehad en sê: "Nee, ek het lekker geëet. Maar my eie dogters het nou nooit meer gemaak van kos as gelerentheid nie."

**René-Jean van der Berg is Senior Beampte: Mediaskakeling by ons Afdeling Strategiese Kommunikasie.**


René-Jean van der Berg.

# Champion for a vibrant student life



Photo: Anja Aucamp

Pura Mgolombane.



## Time out with...



*For our Assistant Dean: Student Life and Leadership, Pura Mgolombane, the building of a vibrant student life at Kovsies is what he has eaten, slept and breathed since joining our university in September 2011. Margaret Linström spoke to him.*

When I enter Pura's office in the Student Centre, my first impression is of a task-driven, focused individual, but his yellow tie and friendly smile balance out the picture.

When I ask what his title means, he says one of his main tasks is to be the conduit between our students and the university systems, and to be an advocate for the co-curricular-curricular interface. For Pura it boils down to "balancing the energy of the students with the university's bureaucracy". However, he is quick to point out that the students understand that there are processes that must be followed. "The exuberance of student life is often perceived to be on a collision course with the curricular side of the university. Student-driven activities could easily be considered a nuisance for curricular activities, but I'm happy to note that there is a radical shift to embrace co-curricular activities as having a critical role to play in increasing the throughput rate of the university and towards the achievement of the human project." The energy and innovation displayed by Kovsie students keeps him going as "the vibrancy of a university emanates from its student life".

Pura has high praise for our students. "I'm fascinated by the prevailing culture of respect among our students. You must understand that we're sometimes involved in robust interaction, but even in these situations there is a sense of humaneness. This is something we should appreciate."

From our conversation it becomes obvious that Pura's first six months at our university have been extremely busy ones. "Since coming to Kovsies, things have changed drastically – no gym, no movies. Student life often means early mornings and late nights. For now my only spare time is used to get home to Jozi to spend time with my family."

# 'Architecture is fashion'

By René-Jean van der Berg

She loves how fashion and architecture come together and will NOT compromise on coffee. "I come from coffee country and my mom must send me good coffee ever so often," laughs the Ugandan-born architect, Phillippa Tumubweinee.

She is one of the latest appointments at the university and has just arrived in Bloemfontein, but has already made a few interesting architectural discoveries about this town. "Did you know that three iconic Bloemfontein monuments are built in one straight line from west to east?" she asks, referring to the university's Main Building, NALN (National Afrikaans Literary Museum and Research Centre) and Hoffman Square. Was this intentional? Phillippa's passion for architecture will make her find out.

Talking to Phillippa about architecture, it is hard to believe that architecture was not her first choice of study. She actually wanted to go into the field of fashion, "... but my parents did not consider fashion as a proper career". She decided to work at an architectural company in Uganda for a while before starting her studies.

"Just to see if I like it."

And she did.

Today Phillippa has her own practice in Johannesburg and she was a lecturer at the University of Johannesburg before joining our university. Besides this, she did not have to give up her ideas of fashion.

"Fashion is just another form of architecture. Clothes are made up of different pieces – just like buildings. But the nice thing about fashion and architecture is how the two influence each other."

Phillippa points out how buildings are designed and made to accommodate the fashion of the day. "As ladies' dresses got smaller, arches and doorways were also built narrower. In many European cities where cycling is more of a habit than here, you'll find cycling lanes as part of their roads."

Taking a stroll on the Bloemfontein Campus, Phillippa discusses how she "reads" buildings. "By just looking at a building, one can actually see the whole philosophy behind it. I sometimes amuse myself by what I can see from a building's design."

Before reaching one of her favourite structures on campus, she utters a quick sound of irritation.

"I sometimes feel architects think that when they do an African design, there is not much thinking needed for the design. They neglect on this and there is pretty much planning and thinking needed for an African design as you would use in a European design."



Photo: René-Jean van der Berg

Phillippa Tumubweinee.

"I sometimes feel architects think that when they do an African design, there is not much thinking needed for the design. They neglect on this and there is pretty much planning and thinking needed for an African design as you would use in a European design."



Foto: Anja Aucamp

Susan van Jaarsveld.

# Baie verrassings in die pakkie Susan van Jaarsveld

Deur Amanda Tongha

Sy hou nie van vuurwapens nie maar weet darem hoe om een te gebruik. Gelukkig hoef Susan van Jaarsveld, Adjunkdirekteur: Menslike Hulpbronne, nie 'n vuurwapen by ons universiteit te gebruik nie; anders as in haar vorige werk as 'n psigometris in die Veiligheidspolisie.

Toe sy in 1991 daar begin werk het, moes sy vir drie maande lank basiese polisie-opleiding ondergaan.

"Dit was 'n hengse skok op my gestel. Jy dink jy gaan doen menslike hulpbronne, maar dan is dit skiet en dril. As dit egter nie vir polisie was nie, sou ek nooit geleer het hoe om met 'n wapen te werk nie."

Sy is in 1994 weg by die Veiligheidspolisie en het by ons universiteit begin werk. Dit was net toe die universiteit internet en e-pos begin gebruik het, onthou sy. "Ons het nog fisies briewe geskryf en dit met 'n bode na departemente gestuur."

Agtien jaar later en ons universiteit is steeds vir haar een van die beste plekke om te werk. "Ons wat hier werk, besef nie dat alles in jou guns tel nie. Dis nie 'n harde omgewing om in te werk nie. Ook werk 'n mens saam met baie aangename mense."

Susan, 'n gekwalifiseerde bedryfsielkunde, sê om in menslike hulpbronne te werk is 'n groot verantwoordelikheid, omdat sy en haar kollegas met mense werk. "Daar is nie regte of verkeerde antwoorde nie, veral omdat dit om mense, hul emosies en belange gaan."

Buite die werk ontspan dié ma van twee tieners deur te lees. Bloot uit nuuskierigheid, vertel sy: "Ek is een van daai mense wat selfs die advertensies of die heengegaankolom in koerante lees."

Sy bly ook besig deur een keer 'n week saam met haar dogter Harriet bergfiets te ry. Harriet is 13 jaar oud en haar seun Ludwig is 16 jaar oud. Haar man, Cobus, is 'n navorser in die polisie se misdaadintelligensie-afdeling. Susan het hom in die tyd toe sy vir die Polisie gewerk het, ontmoet.



Photo: Anja Aucamp

Bella Rametse.

# Getting to know Bella Rametse

By Jo Mbangata

The title of "Mother" is given to the women in our lives who nurture and care for us beyond what is asked of them. One such figure comes in the form of Commercial Law lecturer Bella Rametse, who has been on the staff of the university since December 2009, an environment she describes as completely different from the corporate one she came from. "When I was practising law, I would go to court and only had to speak facing a few people; as a lecturer I have classes of over two hundred. The thought was intimidating at first," she said.

Twelve years spent in a corporate legal atmosphere has the ability to depersonalise most practitioners, turning them into cold and removed individuals. Bella is a special case. She is using the shrewdness that she learnt in the corporate environment to help mould the "legal eagles" of tomorrow into sharp and smart novices. She does so, however, without compromising her belief that youth should be respectful towards their elders even at university level. "I am concerned by the manner in which some students approach lecturers; even though we are here to teach and serve their needs, they still need to give us the respect that we deserve as elders," she said.

The place where her impact is felt is the place where it matters most; the classroom. Tebogo Mosaka, a student in Bella's HRG214 class, writes in an e-mail to her. "Last year I failed HRG114, but this year it's a different story. After failing last year, I wanted to give up. I lost interest in the course, but because you taught it with such passion, knowledge and experience I began to like it and enjoy coming to class." He concludes: "Thank you for being patient with us and also being a mother figure to us; thank you for your love and warmth towards us when we ran to you for help." Bella says such e-mails from students keep her motivated and help to pick her up on bad days.

"As a lecturer there are challenges that I face daily." She lists communication with students from previously disadvantaged schools as one such challenge. Bella says these students find it difficult to communicate in English. "They would come to my office to ask questions about a lecture, rather than ask in a class full of students fluent in the language, for fear of being ridiculed. I sincerely hope that the university can find practical solutions to such problems," Bella says.

Her other passions include helping NGOs with community outreach projects. She is also currently working on starting a mentoring programme for young people. Bella works on the project with Dr Ilze Keevy, whom she admires as her own mentor. Other women that she admires include activist Mamphela Ramphele, Advocate Thuli Madonsela and the Head of a department in the Faculty of Law, Prof. Elizabeth Snyman-Van Deventer. She says these women inspire her in diverse ways and have helped her become the strong woman that she is today.

news



Foto: Leonie Bolleurs

Prof. Piet Strauss van die Departement Ekklesiologie en prof. Conrad Wethmar van die Universiteit van Pretoria.

# Kan 'n universiteit teologie doseer?

Prof. Conrad Wethmar van die Universiteit van Pretoria het met breë penstrepe die pad wat teologie deur die eeue aan universiteite geloop het, geskets tydens 'n reeks lesings oor transformasie van kennis wat die Fakulteit Teologie vanjaar aanbied. Sedert die ontstaan van universiteite in die Middeleeue het die Christelike geloof 'n belangrike rol gespeel.

Sokrates se ideaal was dat studente nie net meer kennis bekom nie, maar ook moreel gevorm word. "Daar kan oor verskeie aspekte van die verhouding tussen teologie en 'n universiteit nagedink word," sê prof. Wethmar. Hy vra ook: "Kan 'n universiteit teologie doseer? Of, is daar ruimte vir teologie by 'n universiteit?"

"Die klassieke idee van die universiteit is ondermeer om die gemeenskap te dien deur persone vir hul beroep op te lei. Die universiteitsideaal was universaliteit, diversiteit en gemeenskapsdiens. Die moderne universiteitsidee het egter hiervan wegbeweeg. In hierdie universiteitsideaal kom die universiteit nie soseer die beste tot sy reg waar dit prakties bruikbare kennis bring nie, maar wanneer wetenskap beoefen word ter wille van die waarheid. John Henry Newman en Karl Jaspers is prominente denkers op hierdie gebied," sê prof. Wethmar.

Hy vervolg: "Die erflikheidseienskappe van die universiteits-idee kom ter sprake wanneer oor die plek van teologiese onderrig aan 'n universiteit besin word. Die verhouding tussen teologie en kerk speel egter ook 'n rol. Hoewel teologiese onderrig aan 'n universiteit nie die enigste onderrigopsie is nie, is daar tog verskeie redes waarom dit vir 'n kerk sinvol is om teologiese opleiding aan 'n universiteit te koppel. Om werklik "kerk-van-die-Woord" te wees, moet wetenskaplike insigte hieroor in ag geneem word. Dit is goed vir die samelewing dat 'n invloedryke saak soos die Christelike geloof aan die hoogste vlak van akademiese uitmuntendheid bestudeer word. Dit is ook goed vir die teologie om op 'n kritiese afstand van die amptelike strukture van die kerk te kan funksioneer."

"Teologie se noue verbondenheid tot samelewing, akademie en kerk kan juis die heel beste tot sy reg kom binne die universiteitskonteks," sê prof. Wethmar. – **dr. Lyzette Hoffman**

# Prof. Jita is changing education

By Igno van Niekerk

Upon making an appointment with Prof. Loyiso Jita, one immediately senses a welcoming personality, a sense of confidence and a willingness to share. Then, upon entering his office in the new Education Building, you find Prof. Loyiso, and all your expectations are met. He is well-prepared, focused and present during our conversation.

*So, what is his true academic passion?*
*The answer is straightforward: "Teacher change."*

On the whiteboard in his office, Prof. Loyiso has scribbled down concepts which are the foundations of his research on teacher change. It is all about identity, leadership and professional growth. Teachers have to find within themselves the passion to teach, to develop their approach to teaching, to become accountable for what happens in the classroom. Prof. Loyiso becomes serious: "Change in education, especially the education of mathematics and science is crucial for the future of our country: It is now eighteen years after we founded our democracy. In these eighteen years there has been a lot to celebrate. Still, there are some things that are fundamentally wrong, especially if we look inside the classrooms in many of our schools. This is more so when we look specifically into the teaching of mathematics and science. Apartheid cannot be an excuse for what happens inside the classroom, after close to two decades of change. We need to move forward."

As he talks on, it becomes clear that Prof. Loyiso is a man on a mission. As someone who always saw Bloemfontein as a fuelling stop on the way from Pretoria to the Eastern Cape, he was convinced by Prof. Jonathan Jansen that the university was the place to be. After being excited by the Vice-Chancellor's vision, Prof. Loyiso seized the opportunity to come to Bloemfontein and live his dream. Convincing his wife, an instructional designer who had just taken up a position at an IT firm in Johannesburg, and his kids, who were quite happy at their schools to come to Bloemfontein must have taken some doing. Apparently the dream was sold really well as the whole family is now settled in the City of Roses; and Prof. Loyiso. Has he started working on his part of the dream?

Of course. He could not wait, and several initiatives have been launched already.

Recently, for example, role-players in science and mathematics education from the Free State Department of Education were invited to a work session at the university. "If we want to make a difference, we have to engage with the important stakeholders," Prof. Loyiso says, while shaking his head at the fact that this has not happened before at the university. Many of these role-players had never set foot on our campus, and were amazed at the new state-of-the-art building in which Mathematics, Science and Technology Education are housed. In terms of experience in higher education, he has been involved in education first at the Universities of Zululand, KwaZulu-Natal, Pretoria and, until recently, has been the director of the School of Education at UNISA. Now he is here at the university, ready to make a difference, ready to initiate change; to work on the dream, to change the teaching and learning of science and mathematics in our schools and thereby to build a positive and sustainable future for our children.



Photo: Igno van Niekerk

**Prof. Loyiso Jita.**



# Avoid the **dreaded flu** this winter

As the winter season slowly creeps up, so does the thought of numbing cold nights, warm soup and, unfortunately, inevitable sickness. Secrets are shared to frantically avoid this or to recover faster. Much of the advice shared goes along the lines of: Sharing a bed with an ill person is strictly prohibited, regularly washing your hands is strictly recommended and always drink that precautionary glass of cold water before you venture off into the cold. Smoking and the drinking of red wine should be limited, as these activities cause you to lose excessive amounts of Vitamin C. The effervescent/fizzy tablets should be routinely taken or rather, 30 drops of that trusted homeopathic/herbal cure to cure yourself of any dreaded illnesses.

The question remains, exactly what is the cause of our illnesses in winter? Apparently it is upper-airway infections which are caused by local and sometimes global viruses. When the Free State nature sleeps, these viruses flourish around us, but despite this, we continue to create a warm working environment within the university that is attractive to our Free State friends, current and prospective students in South Africa as well as our international guests. Whatever you believe in – keep yourself warm, healthy and comfortable during the winter of 2012. **– Martie Nortjé**





Jamiėlee Simons


Ekaetee Benedict


Hanli Erasmus


Ruth Tsheisi


Tsamai Joshua Selebalo


Khosi Mohlakeng

# Driven by **novelty** and known for **excellence**

*To ensure quality standards of the institution at large, the university offers training opportunities to its diverse staff members.* ***Thabo Motsoane*** *visited some of the staff and students on the Bloemfontein Campus to reflect on how training programmes made available to them have improved their work efficiency. This is how they responded:*

***Jamiėlee Simons, Business Communication Lecturer at the Department of Communication Science:*** "The university does a great job in offering training opportunities to its staff, especially to lecturers. The training that I attended has helped me to manage my students and myself effectively and has given me a clear picture of what is expected of me as a lecturer.

"I have learned new lecturing methods and learnt tactics on how to interact effectively with people from different backgrounds. The way in which we received education is different from how the new generation is attaining it; therefore, it is important for us to keep on learning new methods."

***Ekaetee Benedict, Business Management Lecturer in the Faculty of Economic and Management Science:*** "I think the university offers enough training opportunities, especially for academic staff. We learn how to conduct and teach large classes and how to use materials available to us such as Blackboard. We learn more on how to conduct research, therefore making my job more enjoyable. As an academic I would say that the training I have received is adequate, because my job has now become easier."

***Hanli Erasmus, Secretary at the Faculty of Law:*** "There is enough training for the campus staff for various professions. I received training on conflict management, financial management and time management. As a secretary, I have also learned to get along with people in a better fashion and to prioritise my work effectively. I have even improved my computer skills through these programmes. I always say, even though it is not easy, one can never be too old to learn."

***Ruth Tsheisi, Admission Officer at Student Academic Services:*** "Yes, training is available to the university's staff. I work a lot with students from all over the country and sometimes across the borders. The training that I attended has helped me with the strategy on how to detect forged certificates. This used to be a problem where you find people with fake qualifications. Fortunately, with the help of the training programmes offered by the university, there is an increased productivity in what I do and I can now detect landmines from miles away."

***Tsamai Joshua Selebalo, Messenger at the Faculty of Health Sciences:*** "I think there is enough training, because I have received training in many things such as filing, computer programmes, record-keeping, and first-aid training. These training sessions have taught me to perform my duties effectively and my work has become much easier."

***Khosi Mohlakeng, Student Assistant at the Department of Political Science:*** "The university has training opportunities for its staff. I am currently undergoing training as a Student Assistant in the Department of Political Science. The training that I have received has helped me to understand the importance of dealing with temper effectively better, because sometimes I deal with difficult students. I have learnt to put my differences aside and give people the benefit of the doubt."

## Meningspeiling oor behuising toon verrassende uitslae

'n Meningspeiling op die Bloemfontein-kampus het getoon dat die behuisingsgeriewe hier baie goed daar uit sien.

Bykans 800 ouers en eerstejaars het tydens die Gateway-eerstejaarsweek en verwelkoming van die universiteit vraelyste voltooi waarin hulle moes aandui wat hul indrukke van geselekteerde koshuise was.

Vir bevrediging onder studente was die gemiddelde uitslag 84% en onder die ouers 93%. Hier is Wag-'n-Bietjie en Veritas die hoogste gereken, met sowat 95% studente en ouers wat die twee koshuise as bevredigend ervaar het. Alhoewel Vergeet-my-nie die laagste gereken is, is dit steeds 65% studente en bykans 90% ouers wat die koshuis as bevredigend beskou.

Vir die algemene atmosfeer in koshuise, netheid, verwelkoming het sowat 55% respondente dit as 'uitstekend' aangedui. Ander respondente het dit as 'goed' (sowat 33%) of 'aanvaarbaar' (9%) aangedui.

Bykans 60% respondente het aangedui dat die huiskomitee, koshuishoofde en mentors hulle veilig in die koshuise laat voel. Vir baie van die respondente was dit ook aangenaam om te weet dat hulle in bekwame hande gelaat is en het meer as 60% respondente hul koshuishoofde en komiteelede se bekwaamheid as uitstekend beskou.

"Al die koshuise is genooi om aan die meningspeiling deel te neem. Die uitslae wys vir ons dat die koshuisverwelkoming tydens die Gateway-eerstejaarsweek 'n groot sukses was. Hulle het baie moeite gedoen om studente welkom te laat voel en ouers op hul gerus te stel.
– René-Jean van der Berg

## Prof. James Editor-in-Chief of international publication

Prof. James du Preez, Chairperson of the Department of Microbial, Biochemical and Food Biotechnology, has been appointed joint Editor-in-Chief of *Biotechnology for Biofuels*, as of 1 July 2012. This is an open-access, peer-reviewed online journal with an impact factor of 4.15, featuring high-quality research on technological and operational advances in the production of biofuels from renewable biomass. The other three joint Editors-in-Chief are all from the USA.
– Leatitia Pienaar

## Prof. André Venter appointed to the Premier's Advisory Committee

Prof. André Venter was recently appointed by Mr Ace Magashule, Premier of the Free State, to serve on a special advisory committee in the Free State.

This committee has advisors in various categories and Prof. Venter will be tasked with policies on health matters of the province. – René-Jean van der Berg

## Prof. Andries Stulting awarded for exceptional leadership skills

Prof. Andries Stulting, Chief Specialist at the Department of Ophthalmology at the University of the Free State, recently received an award of Excellence in Leadership by the South African Registrars Association.

"It is a huge honour to be nominated and receive this award," Prof. Stulting says.

He has been involved at the university for the past 33 years and also runs his ophthalmology practice in Bloemfontein. – René-Jean van der Berg



# Versprei die WOORD...



Deur René-Jean van der Berg

**Met die eerste semester wat nou einde se kant toe staan, het die universiteit weereens nie gehuiwer om die plaaslike, nasionale en internasionale nuus te haal nie. Nie net het ons kenners hul menings by verskeie geleenthede uitgespreek nie, maar is daar ook wyd berig oor ons navorsers wat die afgelope maande erkenning vir hul werk verkry het.**

- Die No Student Hungry-veldtog het sekerlik die grootste aftrek gekry. Die program is daargestel om hulpbehoewende studente finansieel met hul daaglikse maaltye by te staan. Tydens die bekendstellingsgeleentheid is daar sowat R200 000 ingesamel. Daar is wyd in bykans al die plaaslike én nasionale blaaie, sowel as SABC- en etv-nuuskanale hieroor berig. *The Times*, *Public Eye KZN*, *The New Age*, *Pretoria News*, *The Star* en *Citizen* het oor die projek berig.
- Daar is berig dat die Herfsgradeplegtigheid in Maart een van die grootstes ooit was, met die meeste diplomas/sertifikate tot en met honneursgrade wat tydens een plegtigheid toegeken is. *Volksblad*, *Ons Stad*, OFM en *Bloemfontein Courant* het hieroor berig.
- Twee kinderkardioloë aan die UV het mediese geskiedenis gemaak toe hulle die eerste Melody-hartklep in 'n jong pasiënt uit Afrika ingeplant het. Dié inplanting skakel ingrypende chirurgie en selfs moontlike opvolgoperasies uit. SABC-radiostasies, verskeie gemeenskapsradiostasies, *Volksblad*, *Bloemfontein Courant*, OFM, *The Weekly*, *Free State Times* was van die plaaslike media wat hieroor berig het. Ander media soos *The New Age*, en die *SA cardiology and Stroke Journal* het ook hieroor berig.
- Die Openbare Beskermer, adv. Thuli Madonsela, het die UV besoek en 'n openbare lesing aangebied. Tydens haar lesing het sy gesê dat apartheid nie langer die blaam kan dra vir swak dienslewering nie, maar dat korrupsie hiervoor geblameer moet word. SABC radio- en tv-nuus, *Volksblad*, *City Press*, OFM en *Bloemfontein Courant* en *The New Age* het die storie gedra.
- Die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding, dr. Blade Nzimande, het vir dr. Choice Makhetha, Viserektor: Eksterne Betrekkinge, as 'n lid van die raad van die Nasionale Instituut vir Hoër Onderwys (NIHE) in die Noord-Kaap aangestel. Dr. Makhetha sal vir 'n vierjaarperiode op die nuut aangestelde raad dien. Die raad se rol is om hoër onderwys in die provinsie te koördineer. Daar was meer oor die aanstelling in *The New Age* en *The Weekly*.
- Op Afrika-dag op Vrydag 25 Mei was die UV geëerd om die bekroonde Keniaanse skrywer, prof. Ngũgĩ wa Thiong'o, hier te ontvang om 'n openbare lesing aan te bied. Die besoek en media het baie mediabelangstelling geniet en is in *Sunday Times*, *Sunday Independent*, *Mail and Guardian*, *The New Age* en die *Free State Times* gebruik. Die televisiespan van *Kagiso TV* in Johannesburg het ook beeldmateriaal verfilm om in 'n latere dokumentêre program te gebruik.
- Prof. Jonathan Jansen, ons Rektor en Visekanselier, het sy mening oor verskeie sake op twee internasionale radiostasies gelug. Radio France International het sy mening oor die gerugte Brett Murray-skildery van pres. Zuma gevra. Die Australian Broadcasting Corporation het 'n program oor sy werksaamhede by die UV en rasseversoening uitgesaai. Die Amerikaanse nuuskanaal, CNN, het ook die afgelope maand 'n profiel oor sy geloof in die krag van kennis en sy passie om sy morele waarde - versoening teenoor vergelding - aan ander te leer.

1



2



3



1. Adv. Thuli Madonsela.
2. Dr. Choice Makhetha.
3. Prof. Ngũgĩ wa Thiong'o.

## We are not merely about academics, we are also about heart





Photo's: Stephen Collett





Tessa Ndlovu, one of our vibrant staff members, has arrived. She is making rapid strides in making the world a better place.

"One of the two most beautiful non-curricular programmes we are heading in the Office of the Vice-Rector: External Relations, are Project Inspire and the Culture of Reading Project.

"During school visits last year numerous principals identified that motivation was highly needed for learners as well as teachers. This is where we came in.

"We approached deans in our various faculties to identify top academic students to act as motivational ambassadors for our 25 schools in our Schools Partnership Programme. Faculties were thrilled to facilitate the process of students into this programme. We met with 26 learners who were more than happy to assist by giving back to their community.

"What makes the project special is that most of our students themselves have walked that road. They overcame their challenges and turned them around. They now work with Grade 10–12 learners by teaching them methods to face day-to-day challenges that have an effect on their studies.

"Project Inspire, on the other hand, brings out the best in all of us. We managed to host an Easter Play on 8 April 2012 during the Easter weekend. We took one of our schools in our Schools Partnership Programme and identified eight highly motivated learners in Grade 10. We linked these learners with our third-year drama students and professional actors such as Prof. Charles Dumas, visiting professor at the Department of Drama and Theatre Arts," said Tessa.

"We have so many tricks up our sleeve. We will soon start on one of our other projects at Dr Blok and Moroka High Schools, respectively. This is where we will instil an innate need for reading in learners. This will all be done through Project Culture of Reading.

"It is heartbreaking to see schools that have no reading resources or a ghost-library. Teachers are terribly overburdened, and to instil the passion of reading in them is another chore they do not get to.

"The problem snowballs as learners come to institutions of higher learning. You will find students who can hardly read, write or analyse a written text. We have identified two of our students who are assisting us by designing a model for reading programmes for the schools we partner with. Andrew Westover is a Fulbright Scholar from the USA, doing his Master's degree in Second Language Acquisition and Talita Calitz is a Ph.D. student in Higher Education and Social Justice. The School Partnership Programme is open to everyone on campus," Tessa concluded. – **Phelekwa Mpono**

Grade 10 learners from the Schools Partnership Programme star in the Easter Play with third-year drama students and professional actors such as Prof. Charles Dumas.



# Meeste diplomas, sertifikate en grade word by Herfsgradeplegtigheid toegeken

Deur René-Jean van der Berg



"Vanjaar is die meeste diplomas, sertifikate en grade ooit by agt verskillende geleenthede in die Callie Human-sentrum toegeken."









1

Dit was die woorde van Potella Sibongile, 'n Xhosa *imbongi* (pryssanger) en self 'n graduandus, aan graduandi tydens vanjaar se Herfsgradeplegtigheid op die Bloemfontein-kampus. Tydens die talle verskillende gradeplegtighede kon ouers dikwels nie hulle trots inhou nie toe hul kinders oor die verhoog stap om hul nuwe "geboortesertifikate" te ontvang.

Baie van ons akademici het ook geswel van trots toe hul kinders oor die verhoog stap.

Prof. Francois Tolmie, Dekaan van die Fakulteit Teologie, se dogter, Carmien, het die graad B.Sc. Hons (cum laude) in Biotegnologie ontvang.

Vir die gesin van prof. Theo Du Plessis het die gradeplegtigheid dubbele vreugde gebring. Sy dogter, Mènan, het haar B-graad in Argitektuur ontvang, terwyl sy seun, Jean-Pierre, as beste honneursstudent in Rekenaarwetenskap aangewys is.

Marisan Nienkemper (B.Sc. Hons) het die Senaatsmedalje en -prys as die beste honneursstudent aan die universiteit, asook die Dekaansmedalje as beste honneursstudent in die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe ontvang. Sy is die dogter van Dorothy Russell van die Departement Pediatrie en Kindergesondheid.

Vanjaar is die meeste diplomas, sertifikate en grade ooit by agt verskillende geleenthede in die Callie Human-sentrum toegeken.

Tydens die gradeplegtigheid op die Qwaqwa-kampus op 12 Mei vanjaar is 424 grade, diplomas en sertifikate toegeken.

In gelukwensinge aan die graduandi het beide die Viserektor: Institusionele Sake, prof. Teuns Verschoor, en die Kanselier, dr. Khotso Mokhele, die graduandi uitgedaag om hulle fokus verder as hulle gradeplegtigheid te rig op waarna hulle verwys het as die "regte wêreld".





















1. Potella Sibongile.
2. Prof. Francois Tolmie en sy dogter, Carmien.
3. Hier is, van links: Jean-Pierre, Colleen du Plessis, prof. Theo du Plessis en Mènan. Prof. Du Plessis is die Hoof van die Departement Taalbestuur en Taalpraktyk, en Colleen is 'n dosent in die Departement Engels.
4. Marisan Nienkemper (B.Sc. Hons) (middel), haar suster, Johané, Nienkemper, en haar ma, Dorothy Russell van die Departement Pediatrie en Kindergesondheid.



# Performance management **improves communication** between **service level workers** and **supervisors**

By Amanda Tongha



Photo: Anja Aucamp





Service workers signed performance plans in November 2011.

*Once a week Evelyn Mabija meets with her team of workers to discuss what needs to be done for that week. At these meetings, the six employees who she supervises get the opportunity to discuss any problems they experience in the workplace. An important part of this is that everybody discusses what should be done to improve their job performance.*

Evelyn, who works in our Residence and Housing Department, says they did not always meet  like this. Since our university introduced performance management for service level workers, communication with the six women on her team has improved. The women are responsible for cleaning some of the residences on our Bloemfontein Campus.

Our university introduced performance management for service level workers in March last year, starting the process with three-hour workshops for supervisors of service level workers. Supervisors were taught how to communicate effectively with workers, help solve problems and assist employees to work according to required standards. They also learned skills like how to conduct meetings.

"The aim of Performance Management is to improve service delivery and coaching by supervisors creates a rewarding environment in which employees are empowered to solve problems and prevent mistakes themselves", says Dr Renalde Huysamen, Head of Performance Management and Staff Development.

